eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2017

## GESKIEDENIS V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 21 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%**<br>**(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%**<br>**(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%**<br>**(15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

1.3 **Asseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 × 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓ ✓✓); (1 × 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ____________________ . _______________
______________ . ____________________ . __________
√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. (32/50)
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.3 **Globale assessering van 'n opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • Verkeerde stelling | _________________ |
| • Irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling | R |
| • Analise | A√ |
| • Interpretasie | I √ |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2. **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }30–33 |
| A | VLAK 5 | |

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## NASIEN-MATRIKS VIR OPSTEL – TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | **VLAK 7** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 6** <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. | **VLAK 5** <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 4** <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3** <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | **VLAK 2** <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | **VLAK 1** <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***VLAK 7*** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| ***VLAK 6*** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is. | **43–46** | **40–42** | **39–39** | | | | |
| ***VLAK 5*** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **33–34** | **28–29** | | |
| ***VLAK 4*** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| ***VLAK 3*** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| ***VLAK 2*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| ***VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE-VRAE

### VRAAG 1: WATTER BYDRAE HET STEPHEN BANTU BIKO TOT DIE VRYHEIDSTRYD IN SUID-AFRIKA IN DIE 1970's GEMAAK?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 1A – V1]*
- Welsynwerk
- Mediese programme
- Selfhelpprogramme (3 × 1) (3)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1A – V1]*
Om die swart gemeenskap op te hef (1 × 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A – V2]*
- Swartmense het heeltyd hul lewe onder wit oorheersing geleef
- Swartmense het hul lewens geleef volgens voortbestaan
- Hulle leef volgens hulle middele en bekostigbaarheid

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1A – V2]*
- Swart man sal nie vervreem word nie
- Hy sal 'n mate van waardigheid het
- Hy sal sy gemeenskap ophef
- Om dinge vir homself te doen
- Om vir sy regte te staan

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1B – V1]*
- Humoristies oor die ondervragingsessies
- Hy het 'n veel beter begrip oor sy ondervraers se vrese gehad
- Hy het 'n veel beter begrip van sy ondervraers se motiverings gehad as wat hulle ooit sou weet (3 × 1) (3)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1B – V2]*
- Biko was bereid om te sterf vir dit waarin hy geglo het, maar hy was nie 'n man van geweld nie
- Biko was bereid om te veg vir gelykheid, maar terselfdertyd het hy voorspraak gemaak op vreedsame rasse-naasbestaan

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron – V2]*
- Hy wou polisiebetrokkenheid by die dood ontken
- Dit was 'n afgehandelde/geslote saak
- Die staat was nie verantwoordelik vir Biko se dood nie

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.2.4 *[Bepaling van die bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*
- Toon dat Biko gesterf het terwyl hy in polisie-aanhouding was
- Toon dat Biko vasbeslote was in sy pogings om gelykheid vir swartes te bekom
- Gee insig in hoe politieke aktiviste in die tronk ondervra en gemartel was
- Gee insig in hoe polisie probeer het om hul betrokkenheid by die dood van Biko te bedek
- Toon dat Biko wyd deur politieke aktiviste ondersteun was

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Definisie van historiese konsepte vanuit Bron 1C – V1]*

(a) **Apartheid**
- Politieke, ekonomiese en sosiale skeiding van rasse gebaseer op kleur

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 2) (2)

(b) **Onderdrukking**
- Onbillike/onregverdige behandeling van mense van verskillende rasse

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie en evaluering van bewyse vanuit Bron 1C – V2]*
- Biko was toegewyd aan vryheid, geregtigheid en gelykheid
- Biko se dapperheid het die simbool van die onderdrukking van alle swartes geword wat onder Apartheid geleef het
- Hy was in staat om die bose stelsel van apartheid te beveg in plaas daarvan om deur die stelsel geabsorbeer te word
- Biko se idees het gehelp om die nuwe Suid-Afrika te vorm
- Biko sou 'n groot bydrae gemaak het tot die nuwe Suid-Afrika deur te sorg dat sosiale geregtigheid effektief te implementeer word

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 1C – V1]*
- Sy duidelike denke oor die land en sy mense
- Sy diep kennis van die land en die mense se werklike behoeftes

(2 × 1) (2)

1.4 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 1D – V2]*
- Biko se nalatenskap leef voort
- Steve Biko het as 'n inspirasie vir die meeste Suid-Afrikaners gedien
- Steve Biko se idees het 'n groot impak op Suid-Afrika gehad

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van inligting in Bron 1C en D om ooreenkomste te identifiseer – V3]*
Beide bronne:
- eer Biko as 'n nasionale held
- toon die invloed van die Biko op Suid-Afrika
- toon dat Biko sy lewe opgeoffer het vir die nuwe demokratiese SA

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse vanuit bronne – V3]*
Kandidate moet 'n paar van die volgende insluit:

- Betrokke geraak in welsynwerk en -programme van self-help deur Swartes vir Swartes (Bron 1A)
- Om 'n gevoel van waardigheid binne die Swart man te bewerkstellig (Bron 1A)
- Ons het geglo dat ons vir mense kan leer deur self die voorbeeld te stel (Bron 1A)
- Steve Biko was 'n man van vrede. Hy was militant ter verdediging van sy beginsels, maar sy blywende doel was 'n vreedsame versoening van alle Suid-Afrikaners (Bron 1B)
- Geglo in menslikheid en gelyke regte vir almal (Bron 1C)
- Toegewyd aan die stryd vir die verwydering van onderdrukking (Bron 1C)
- Toegewyd aan vryheid, geregtigheid en dapperheid (Bron 1C)
- Sy helder denke en diep kennis van die land en sy mense se werklike behoeftes sou bygedra het tot Suid-Afrika (Bron 1C)
- Het Swartes geïnspireer om te streef na nasionale vryheid (Bron 1D)

Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende geassesseer om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon min of geen begrip van die bydrae van Steve Biko tot die vryheid stryd in Suid-Afrika in die 1970's**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om verslag te lewer oor onderwerp of kan verslag oor onderwerp lewer nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met 'n groot mate aan die onderwerp, bv. **toon 'n begrip van die bydrae van Steve Biko tot die vryheid stryd in Suid-Afrika in die 1970's**.<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die bydrae van Steve Biko tot die vryheid stryd in Suid-Afrika in die 1970's**.<br>• Bewyse hou verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6–8** |

(8)
**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 2: HET DIE WAARHEID- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) VREDE EN VERSOENING IN SUID-AFRIKA MEEGEBRING?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1]*
- Aartsbiskop Desmond Tutu
- Alex Boraine (2 × 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1]*
- Ondersoek menseregte-misbruike aan beide kante vanaf 1960 en 1994
- Hoor getuienis aan van beide slagoffers en oortreders
- Staan amnestie toe aan oortreders teen vervolging/siviele aksie waar volledige openbaarmaking en politieke motivering duidelik aangebied was
- Stel voor hoe slagoffers vergoed kon word (Enige 2 × 1) (2)

2.1.3 *[Verduideliking van begrippe vanuit Bron 2A – V1]*
- Amptelike kwytskelding vir mense wat skuldig bevind is aan politieke oortredings tydens die apartheidsera

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 2) (2)

2.1.4 *[Bepaling van bruikbaarheid van Bron 2A – V3]*

**Bruikbaar**
- WVK se doel was om die verlede te oorkom deur belydenis en vergifnis
- Suid-Afrikaners kon versoen word om ŉ nuwe nasie te bou
- Die nuwe Grondwet het die idee van nasionale eenheid gebaseer op versoening en die heropbou van die samelewing ondersteun

Enige ander relevante antwoord

**Nie bruikbaar nie**
- Oortreders het gevoel dat die WVK bevooroordeeld was en een groep mense bo die ander bevoordeel het
- Sommige oortreders wou nie voor die WVK verskyn en vergifnis vra nie
- Hulle het gevoel dat hulle as individue kon leef eerder as om te verenig as Suid-Afrikaners

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V1]*
- Talle gruweldade (moorde) van die verlede was nie behoorlik ondersoek nie
- Daar was ŉ oormatige klem op die rol van die voormalige sekuriteitsmagte
- Die sluipmoord van ongeveer 400 top IVP-leiers was nie deeglik ondersoek nie
- Daar is nog nie ŉ diepgaande ontleding gedoen van wat baie as 'swart-op-swart'-geweld beskou het nie (Enige 2 × 1) (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V 1]*
- Ons moet nou in die gees van die Grondwet leef
- Ons moet Ubuntu het in plaas van vergelding
- Ons moet vergoeding het in plaas van weerwraak
- Vervolgings moet eweredig gedoen word

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 1) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V1]*
- Ons is 'n opkomende demokrasie, gewoond aan geregtigheid
- As misdade gepleeg was in die verlede deur wie ook al en geen aansoek vir amnestie was daarvoor gemaak nie, dan moet geregtigheid gehandhaaf word (Enige 1 × 1) (1)

2.2.4 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 2B – V2]*
- De Klerk nie ten gunste van die WVK nie/Ramaphosa ten gunste van die WVK
- De Klerk beskou die WVK as 'n heksejag/Ramaphosa sien WVK as 'n meganisme wat versoening bevorder
- De Klerk het WVK gesien as 'n ANC-metode om voormalige NP-amptenare te vervolg/Ramaphosa beklemtoon die WVK as 'n aktiwiteit wat nasie-bou bevorder
- De Klerk beweer dat die WVK ten gunste was van onvoorwaardelike amnestie/Ramaphosa noem dat amnestie toegestaan sou word aan enigiemand wat politieke misdade gepleeg het gedurende apartheidsera

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2C – V1]*
- Hy was 'n informant (1 × 1) (1)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2C – V2]*
- Sy wou weet hoe haar seun gesterf het
- Sy wou weet hoekom hulle haar seun as 'n informant bestempel het
- Sy wou weet wie dit aan haar seun gedoen het
- Sy wou hê dat die oortreders vorentoe moes kom

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

2.3.3 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 2B – V2]*

**Ja:**
- In 1997 het die WVK 'n uitspraak gelewer dat Madikizela-Mandela skuldig was en 'n rol gespeel het in die dood van Stompie Sepei
- Die misdaad was deur haar lyfwagte van die Mandela United Sokkerklub gepleeg
- Jerry Richardson, een van Winnie Mandela se lyfwagte was skuldig bevind aan die moord
- Winnie Mandela was skuldig bevind aan ontvoering en as 'n medepligtige in die aanval van Stompie
- Haar ses-jaar tronkvonnis was op appèl verminder tot 'n boete en 'n twee-jaar opgeskorte vonnis

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.4 2.4.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2D – V1]*
- Cebekulu
- Felati (2 × 1) (2)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*
- Hulle het geglo dat Winnie Mandela onskuldig was
- Stompie was 'n verraaier van die bevrydingstryd
- Stompie was 'n ongeval van oorlog omdat hy sy eie mense verraai het deur sy samewerking met die wit regering

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*
- Informante het die bedrywighede van die vryheidstrydorganisasies openbaar
- Informante het die name van die leiers van die bevrydingstryd openbaar
- Informante het die wegkruipplekke van strydleiers onthul

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van Bronne 2C en 2D om ooreenkomste te identifiseer – V3]*
- Beide bronne toon dat hy 'n informant was
- Beide bronne toon dat Winnie Mandela by die dood van Stompie betrokke was

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse vanuit bronne – V3]*
Kandidate moet 'n paar van die volgende insluit:
**Ja**
- Om post-apartheidversoening te bevorder (Bron 2A)
- Om 'n kultuur van menseregte op te bou (Bron 2A)
- Om verdere menseregte misbruike te verhoed (Bron 2A)
- Het oortreders die kans gebied om die waarheid te openbaar rakende politieke moorde (Bron 2A)
- Amnestie aan oortreders gegee (Bron 2A)
- Die WVK het die haat tussen swart en wit Suid-Afrikaners uitgewis (Bron 2B)
- F.W. De Klerk wou hê dat die WVK onbevooroordeeld moes wees (Bron 2B)
- Ramaphosa het herbevestig dat die WVK nie 'n heksejag was nie maar verbind was tot geregtigheid (Bron 2B)
- Slagoffers was die kans gegun om berusting te vind (Bron 2C)
- Slagoffers was 'n kans gegee om hul kant van die storie te vertel (Bron 2C)
- WVK was 'n genesende proses (Bron 2D)

**Nee**
- Baie oortreders het geweier om te getuig
- Leidende figure in die NP het nie getuig nie
- ANC beskou die WVK as 'n poging om die bevrydingstryd te kriminaliseer
- Gruweldade van die IFP was nie ondersoek nie
- NP beskou die WVK as 'n heksejag

Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende geassesseer om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor die suksesvolheid van die WVK om vrede en versoening in Suid-Afrika mee te bring**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om verslag oor onderwerp of kan geen verslag doen oor onderwerp nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon 'n begrip oor die suksesvolheid van die WVK om vrede en versoening in Suid-Afrika mee te bring**.<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor die suksesvolheid van die WVK om vrede en versoening in Suid-Afrika mee te bring**.<br>• Bewyse hou verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6–8** |

(8)
**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN GLOBALISERING OP DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELENDE LANDE NA 1989?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 3A – V1]*
- Klimaatsverandering
- Globalisering (2 × 1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 3A – V1]*
- Die kombinasie van globale en nasionale ekonomiese veranderinge (1 × 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3A – V2]*

**Klimaatsverandering**
- Klimaatsverandering is 'n langtermyn deurlopende verandering van die gemiddelde weer toestande bv. meer gereelde en uiterste storms

Enige ander relevante antwoord

**Klimaatvariasie**
- Dit is die manier waarop klimaat op 'n jaarlikse basis wissel bo of onder die langtermyn gemiddelde

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3B – V1]*
- Armoede
- Hongersnood (2 × 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 3B – V2]*
- Harde werk deur die grond op te grawe/aanplanting van gewasse/voeding van diere (die dame aan die linkerkant - landbou)
- Geniet die voordele deur die gewasse te verkoop/diere verkoop vir geld (dame op die regterkant - maatskaplike beskerming)

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 2) (2)

3.2.3 *[Betroubaarheid van bewyse vanuit Bron 3B – V3]*

**NIE-BETROUBAAR**
- Dit fokus uitsluitlik op landbou en maatskaplike werk
- Verwys na boere as selfversorgende boere (boer vir hulself)
- Dit wys nie die impak van die weer op die landbou nie
- Dit wys nie die impak van globalisering op Afrika-boerdery nie

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 3B – V2]*
- Dit kan kredietbeperkings verlig
- Arm kleinboere kan betrokke raak by kleinskaalse wetenskaplike boerderymetodes wat produksie en wins sal verhoog
- Produktiewe boerdery kon aanvraag verhoog en daarmee werksgeleenthede skep

Enige ander relevante antwoord (Enige 1 × 2) (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3C – V1]*

- Handel
- Hulp (2 × 1) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van verskille van inligting vanuit Bron 3C– L2]*

**Domschu**

- Lae inkomste-lande kon nie maklik integreer in die globale ekonomie as gevolg van hul gekose beleide nie
- Baie lande ervaar hoë vlakke van armoede
- Alle lande moet deelneem aan die wêreldekonomie
- Finansiële hulp moet aan arm lande gegee word

Enige ander relevante antwoord

**Kalytta**

- Positiewe-effek
- Globale mark vir maatskappye om hul produkte te verhandel
- Kommunikasie tussen lande lei tot beter begrip en breër visie
- Europese besighede kon uit kontrakteer word aan Asië omdat arbeid daar goedkoper is

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

3.3.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3C – V2]*

- Lae koste van arbeid in Asiatiese lande in vergelyking met ander lande
- Hoë winsgrense vir die maatskappye
- Werkende Europeërs het die druk gevoel omdat hulle nie kon kompeteer met goedkoop arbeid nie

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van Bronne 3B en 3C om ooreenkomste te identifiseer – V3]*

- Beide bronne toon dat selfs die armste lande voordeel uit kon trek globalisering
- Beide bronne meld dat alle lande in die wêreld ekonomie ingesluit word selfs met die finansiële hulp van die internasionale gemeenskap
- Beide bronne toon dat globalisering armoede kan verminder
- Beide bronne meld dat lande hul produkte enige plek kon verkoop indien hulle deelneem in die wêreldekonomie

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.5 3.5.1 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 3D – V1]*
- Stede is verminder tot vuilishope waar alle industriële afval opgehoop word
- Besoedelingsvlakke was baie hoog (Enige 1 × 2) (2)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 3D – V1]*
- McDonalds
- KFC (2 × 1) (2)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 3D – V2]*
- Restaurante en eetplekke maak en verkoop enige vleisprodukte sonder die oorweging van plaaslike mense se godsdienstige oortuigings
- Hulle stel net daarin belang om geld te maak
- In Indië word die bees (beesvleis) as 'n heilige dier beskou en mag daarom nie geëet word nie

Enige ander relevante antwoord (Enige 2 × 2) (4)

3.5.4 *[Onttrekking van inligting vanuit Bron 3D – V2]*
- Korporatiewe gierigheid
- Korrupte regering (2 × 1) (2)

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse vanuit bronne – V3]*
Kandidate moet ŉ paar van die volgende insluit:

- Klimaatsverandering het ŉ impak op kosstelsels en landbouproduksie (Bron 3A)
- Ontwikkelende lande was minder kwesbaar vir klimaatsverandering as gevolg van globalisering
- Globalisering stel boere bloot aan nuwe en vreemde toestande (Bron 3A)
- Regeringsondersteuning het ŉ direkte invloed op arm boere (Bron 3A en 3B)
- Globalisering kan armoede verminder en werksgeleenthede skep (Bro 3B en 3C)
- Globalisering moet ontwikkelende lande help met handel en hulp (Bron 3C)
- Lae inkomste lande kan nie integreer in die globale ekonomie nie as gevolg van hul beleide (Bron 3C)
- Kalytta se sienswyse dui op ŉ positiewe effek van globalisering (Bron 3C)
- Kommunikasie lei tot beter begrip en breër visie (Bron 3C)
- Globalisering lei tot migrasie van arbeid na Asië
- Stede van ontwikkelende lande word die aflaaiplek van gemorskoswinkels
- Die rykes word ryker en die armes word armer (Bron 3D)

Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende geassesseer om ŉ punt toe te ken::

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die impak van globalisering op die ekonomieë van ontwikkelende lande**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om verslag oor onderwerp of kan nie verslag oor onderwerp gee nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou verband met ŉ groot mate aan die onderwerp, bv. **toon ŉ begrip van die impak van globalisering op die ekonomieë van ontwikkelende lande**.<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese wyse. | **Punte: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip van die impak van globalisering op die ekonomieë van ontwikkelende lande**.<br>• Bewyse hou goeie verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6–8** |

(8)
**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

**VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA: 1970's TOT 1980's**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpreterende vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet aandui of hulle saamstem met die stelling of nie en die redes vir hul standpunt verduidelik.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstelle insluit:
INLEIDING: Kandidate moet saamstem of nie saamstem nie en verduidelik hoekom

UITBREIDING
- Die Anti-Apartheidbeweging (AAM) in Brittanje was daarop gemik om Apartheid te beëindig deur boikotte en isolasie van Suid-Afrika van die internasionale gemeenskap.
- Het demonstrasies gehou buite: die Suid-Afrikaanse ambassade in Brittanje en teen maatskappye wat besigheid met Suid-Afrika gedoen het
- Die resultaat van hierdie aksie: Barclays Bank verkoop hul aandele in SA
- Hulle het 'n sterbelaaide konsert by Wembley ter vrylating van Mandela gehou
- (AAM) inisieer sport, kulturele, akademiese en ekonomiese sanksies wat Suid-Afrika internasionaal geïsoleer het
- <u>Sportboikotte</u>:
  - AAM verhoed Suid-Afrika om deel te neem aan internasionale kompetisies:
  - Die Gleneagles-ooreenkoms het 'n beroep op alle Statebondlande gedoen om alle sportbande met Suid-Afrika af te sny
  - Suid-Afrika is geskors uit die Internasionale Olimpiese Spele
- <u>Kulturele boikotte</u>:
  - Britse en Amerikaanse musikante het geweier om in Suid-Afrika op te tree
- <u>Akademiese boikotte</u>:
  - Suid-Afrikaanse Akademici was belet om internasionale akademiese konferensies by te woon
- <u>Verbruikersboikotte</u>:
  - Die algemene publiek was versoek om Suid-Afrikaanse produkte te boikot
- Disinvestering - Chase Manhattan Bank sny sy bande met Suid-Afrika
- Die Europese Ekonomiese Gemeenskap het nuwe beleggings in Suid-Afrika in 1985 verban
- In 1986 het Amerika alle nuwe lenings en beleggings in Suid-Afrika verbied
- Groot maatskappye soos General Electric, Pepsi Cola, IBM, General Motors en Mobil het hul bedrywighede in Suid-Afrika gesluit
- <u>Sanksies</u>:
- Die VSA het geweier om Suid-Afrikaanse landbouprodukte, yster en staal te koop
- Die VSA verbied direkte lugreise tussen die lande
- Internasionale vakbonde het 'n beroep op die anti-Apartheid bewegings gedoen om Suid-Afrikaanse goedere te boikot en om sanksies en disinvestering inisiatiewe te ondersteun
- Die Frontlinie state het ANC toegelaat om basisse en militêre opleidingskampe in hul lande op te rig

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

- Van hier af kon die ANC sy MK bedrywighede inisieer en die gewapende stryd verskerp
- Teen die laat 1980's was die Suid-Afrikaanse ekonomie op die rand van ineenstorting
- Sanksies en disinvestering het tot verhoogde werkloosheid en armoede gelei
- Dit het gelei tot verhoogde interne weerstand
- Al hierdie gebeure het dit baie moeilik vir die NP gemaak om aan bewind te bly
- Dit is eksterne druk wat uiteindelik tot die ineenstorting van Apartheid gelei het

Enige ander relevante antwoord

SLOT: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat

**Gebruik die matriks op bladsy 6 om hierdie opstel te assesseer.** **[50]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN KOM VREDE MAAK MET DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak analitiese en interpreterende vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet demonstreer hoe die vrylating van Nelson Mandela in die 1990's 'n draaipunt in die soeke na demokrasie in die geskiedenis van Suid-Afrika was.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

INLEIDING: Kandidate moet aandui hoe die proses van onderhandeling die weg vir die vestiging van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 gebaan het

UITBREIDING
- De Klerk kom in 1989 aan bewind – kort agtergrond (De Klerk se toespraak)
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SAKP
- De Klerk se besluit om Mandela op 11 Februarie 1990 vry te laat, wat die weg vir onderhandelings gebaan het
- Geweld wat in Sebokeng uitgebreek het – April 1990
- Groote Schuur Minuut – 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet, ANC afvaardiging gelei deur Nelson Mandela, NP afvaardiging gelei deur F.W. De Klerk)
- Pretoria Minuut – Augustus 1990 (ANC stem toe tot die opskorting van die gewapende stryd)
- Derde Mag-geweld in Natal tussen Inkatha, die ANC en die apartheidsregering
- CODESA 1 (19 politieke partye minus AZAPO, KP en PAC/300 afgevaardigdes)
- Geweld bars in sommige dele van die land uit, bv. Transvaal en Natal
- Slegs-blanke referendum en die impak daarvan (Maart 1992)
- CODESA 2 (2 Mei 1992) ineenstorting. Partye kon nie ooreenkom op 'n nuwe Wetgewende liggaam en tussentydse regering nie
- NP t.g.v. vetoreg vir minderheidsgroepe terwyl ANC aangedring het op 'n tussentydse regering vir nie langer as 18 maande asook vir 'n eenvoudige meerderheidsregering
- Boipatongslagting en sy gevolge (17 Junie 1992)
- Bisho menseslagting ontspoor amper die proses van onderhandelinge (7 September 1992)
- Rekord van Verstandhouding onderteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC)
- Sluipmoord van Chris Hani (10 April 1993) en die impak daarvan op Suid-Afrika
- Regse (AWB) aanval op wêreldhandelsentrum en die gevolge daarvan
- Multiparty onderhandelingsforum
- Sonsondergangklousule voorgestel deur Joe Slovo breek die onderhandelingsdooiepunt
- Shell House menseslagting en sy gevolge – Maart 1994
- Verkiesingsdatum – 27 April 1994 aangekondig
- ANC wen verkiesings en Mandela eerste swart Suid-Afrikaanse President

Enige ander relevante antwoord

SLOT: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat

**Gebruik die matriks op bladsy 6 om hierdie opstel te assesseer. [50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'n NUWE WÊRELD ORDE: 1989 TOT DIE HEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpreterende vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet die impak van die ineenstorting van die USSR op die Suid-Afrikaanse politieke landskap krities bespreek.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

INLEIDING: Kandidate moet aandui hoe die val van die USSR in 1989 bygedra het tot die politieke transformasie in Suid-Afrika en hul gedagtegang substansieer.

UITBREIDING

- Ekonomiese toestande in Rusland in die laat 1980's
- Gorbachev se beleid van Glasnost en Perestroika
- Gorbachev beëindig die kern bewapeningswedloop met die VSA
- Gorbachev beëindig die oorlog in Afghanistan
- USSR beëindig haar oorheersing oor Oos-Europa
- Die val van die Berlynse muur
- Verandering in wêreld dra by tot die beëindiging van Apartheid
- Die val van die USSR ontneem die ANC van sy hoofbron van ondersteuning
- Die ANC kon nie meer staatmaak op die USSR vir finansiële ondersteuning en wapens nie
- Gorbachev was ook ten gunste van 'n vreedsame bewindsoorgang in Suid-Afrika
- Die Nasionale Party se mening dat hulle die hoofteenvoeter teen kommunistiese uitbreiding in suidelike Afrika was, het ook onrealisties geword
- Die Nasionale Party se mening dat hulle Suid-Afrika teen 'n kommunistiese oorname beskerm het, was naïef
- Die Weste was van mening dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties moes oplos
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party nie meer blanke oorheersing in Suid-Afrika kon handhaaf nie
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord was vir die benodigdhede van wit kapitalistiese ontwikkeling nie
- Slag van Cuito Cuanavale en die onafhanklikheid van Namibië
- Daar was geen twyfel dat die aanhoudende onderdrukking van swart Suid-Afrikaners nie politieke stabiliteit sou verseker nie
- P.W. Botha het 'n beroerte gehad en was opgevolg deur F.W. De Klerk
- F.W. De Klerk het besef dat die stryd van swart Suid-Afrikaners nie 'n poging uit Moskou was nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om samesprekings met die vryheidsbewegings daar te stel
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk 'n nuwe en regverdige konstitusionele dispensasie aangekondig
- Dit het die einde van apartheid ingelui

Enige ander relevante antwoord

SLOT: Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking saamvat

**Gebruik die matriks op bladsy 6 om hierdie opstel te assesseer. [50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com